# PERSOONLIKE STILTETYD

*Vervolg van p. 10*

mag ook hierdie versoeke herhaal. Lees Matt. 7:7,8; 15:21-28 en Mark. 7:24-30.

Wees versigtig dat hierdie faset nie die *enigste* of *belangrikste* deel van 'n mens se gebed word nie. Talle Christene bid net "kla-en-vra-gebede" of "name-it-and-claim-it". Dit besorg aan ons 'n gesindheid van selfsug en verdryf Jesus se gesindheid van *self-loosheid* en van uitreik na ander. Dieselfde gesindheid moet in ons wees wat ook in Jesus was (Fil. 2:5).

¦ Danksegging

*"Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle"* (1 Tess. 5:18). Gebruik dus genoegsaam tyd om God te dank vir geestelike, liggaamlike en tydelike seëninge. Jy kan God natuurlik ook reeds vooruit dank vir dinge wat Hy nog vir jou *gaan* doen. Lees 1 Kor. 10:16; 2 Kor. 4:15; 2 Kor. 9:12; Ef. 5:4; Fil. 4:6; 1 Tim. 2:1; 4:4.

¦ Sang

Lees Ps. 100 en let op hoedat die volk God loof en prys! As jy God eers begin loof en prys deur sang, sal die Heilige Gees ook *in* jou 'n nuwe melodie en nuwe woorde skep waarmee jy God kan prys. Dink net: Dit is 'n lied wat *jy* net *spesiaal vir God* sing! Wat 'n intieme kommunikasiemiddel! Natuurlik is dit ook die geleentheid om *"geestelike liedere"* vir God te sing (1 Kor. 14:15). Dit verhef jou bo die aardse en jy sal kragtiger as ooit wees in jou wandel met die Here!

¦ Bepeinsing

Josua 1:8 beskryf dit vir ons so pragtig: *"Hierdie wetboek (God se Woord) mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel."*

Wanneer ek die Woord van God dus bepeins (al is dit net een sinsnede of vers op 'n keer), sal die Heilige Gees my onderrig en leer aangaande die weg wat ek moet gaan. Lees ook Ps. 1:2 en Ps. 119:15.

¦ Luister

*"...He wakens me morning by morning, He wakens my ear to hear as a disciple [as one who is taught]..."* (Jes. 50:4 Amplified Bible). Leer om na God se stem te luister; oefen jouself om dit te doen! Jy hoef ook nie te huiwer om aan God spesifieke vrae oor sekere sake te rig nie. Hou die Bybel byderhand, aangesien God deur die Skrif met jou wil praat. Natuurlik is die Heilige Gees ook daar om jou te help, te leer, te versterk, te troos, te bemoedig of te tugtig. Hou ook 'n boek of papier en 'n pen of potlood gereed sodat jy alles kan neerskryf wat God aan jou oordra. Iets om nogal oor na te dink, is 'n gesegde van die Amerikaanse Rooihuide: "Listen, or thy tongue will keep thee deaf." Ons gebed mag nie net 'n monoloog wees nie, maar dialoog. Ek *en God* moet kommunikeer en ek moet leer om soms heeltemal *stil te bly* sodat *God met my kan praat!*

### 4. SAMEVATTING

Mag jou verhouding met God verinnig; jy nuwe visie en insigte verkry; met groter toewyding voorbidding doen; jou lewe en doelwitte evalueer volgens God se Woord; voorbereid en beskikbaar wees om te doen wat God van jou vra; bereid om Jesus se Groot Opdrag uit te voer; om God se beloftes jou eie te maak sodat die deur tot die "onmoontlike" vir jou oopgesluit kan word!

*© Huegene Venter*




*The day is done,*
*The sun has set,*
*Yet light still*
*tints the sky;*
*My heart stands still*
*in reverence,*
*For God is passing by...*
*- Ruth Alla Wagner*

*"How clearly the sky reveals God's glory! How plainly it shows what He has done!*
*Each day announces it to the following day; each night repeats it to the next. No speech or words are used, no sound is heard; yet their message goes out to all the world and is heard to the ends of the earth..."*
*(Ps. 19:1-4a, Good News Bible).*